# Hey!
# Brokkies Nuus
# Oktober 2013

**SOMER IS HIER en DIS OOK BAIE**
**SONNIG&WARM met sagte reën van BAIE seën in HEY! LAND☺**



By Croydon:Robot bak-en-brou! God antwoord altyd as ons bid:ja/nee/wag!

**TERUGBLIK OP OKTOBER EN VOORUITSIG VIR NOVEMBER:**


**1. Die 4de kwartaal het afgeskop met nuwe klasse vir gr5 en 6 by Danie Ackermann en 11 mense help met hierdie klasse. Dankie aan al die passievolle aanbieders! Gister was ons deel van 'n span wat hier met die gr7's se beroepsdag gehelp het. Heelwat kinders het 'n keuse vir Jesus gemaak en ons vra gebed dat die saad sal groei! Dis 'n voorreg om met hierdie skool 'n pad te kan stap!**



Gr7 Danie Ackermann beroepsdag

2. **VIDEO OPNAME**:Die **filmspan van VSA** het by **Lochnerhof, Beaumont en Lawrencia primêr** op film kom vaslê hoe **Hoop vir Kinders** in klasse aangebied word en onderhoude is gevoer met personeel en kinders! Dit was alles deel van die internasionale EEIIII konferensie wat in Kaapstad plaasgevind het. "Lights, camera, action!" was geen probleem vir die oulike kinders en selfs volwassenes wie nie gewoonlik sommer voor die kameras sou verskyn nie! Dankie-ONS WAS SO TROTS OP JULLE ♥





Beaumont gr 3: ligte, klamera, aksie!

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste**

3. **OPLEIDING: Die span by Lochnerhof wat uit sowat 33 mense bestaan word geleentheid gebied om elke 2de week Dissipel Opleidings program by te woon en geestelik te groei** Ons leer mekaar beter ken en het die Tabernakel gebed en Jabes se gebed gedoen die laaste twee kere en baie geleer. Dankie aan Magdel,James en Jolene wie dit lei.

4. **Blaauwklippen:** Henriette bedien elke week hierdie plaaskinders en het verlede week afgesluit, **partytjie** gehou en **sertifikate** uitgedeel-hulle ken hul **Explorers** werk so goed!Ek was baie beindruk! Sterkte aan Henriette wie saam met haar man na Israel gaan vir 6 weke waar hulle gaan bly en "serve" en God se liefde wys as deel van Bridges for peace.



Henriette by Blaauwklippen se kinders wie Explorers Club doen

## NOVEMBER GEBEDSVERSOEKE waar Hey! betrokke is:

**1.22 Nov: Uitreik by Helderberg natuurreservaat: Beaumont se grR tot 3 klas reik uit na creches met plaas-werkers se kinders**
**2. 30 Nov: "Partytie vir Jesus" by Post house wynplaas. Fondsinsamelings geleentheid vir Hey! Koop jou kaartjie!**
**3. Uitreik 2 Des na Asanda Village deur Beaumont se gr6e**



Summies op hul stukke!



De Hoop gr3 kies om in Jesus se lig te bly!